# 15 November 2023 - Lesing 176 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

**Jesus se woorde aan die kruis: "Ek het dors" –** 28/11/60

**NO: 7758** Ek dors na julle liefde. En wanneer julle die woorde onthou wat Ek aan die kruis uitgespreek het: "***Ek het dors***" sal julle weet dat dit nie net 'n liggaamlike verlange was nie, maar dat My siel gedors het na die liefde van My skepsele, naamlik dat die Godheid in JaHshua van Homself laat hoor het, omdat die werk volbring was en Ek nog net vir die dood aan die kruis gewag het.

**Ek het gedors na julle liefde** wat julle weer na My moes terugbring **nadat Ek julle van die sondeskuld verlos het.** Want julle moes eers vooraf die liefde in julle laat oplewe, **om My Self in JaHshua Messias te herken en te erken**, en nou op hoogte was van die rede van die verlossingswerk. Want slegs die liefde was in staat om hierdie kennis vir julle te ontsluit. **Slegs in die liefde kon julle My herken**.

Die mens Jesus het hierdie woorde aan die kruis uitgespreek, **maar Hy was al verenig met My** en dus was dit God se woorde wat uit die gekwelde liggaam opgestyg het. En hierdie woorde moet so verstaan word soos Ek dit al aan julle uiteengesit het, dat die Godheid vurig verlang het na die liefde van Sy skepsele.

Die mens Jesus was nie bewus dat Hy hierdie woorde uitgespreek het nie, en Ek het Myself so geuiter dat die mense slegs die aardse betekenis van die woorde bevat het, want hulle sou nie begryp het dat die Godheid hierdie bomenslike lyding kon toelaat nie, wat egter die teniet doen van die oerskuld was, **waarvoor Ek (Vader) na die aarde neergedaal het**. Die rede vir die mense se geweldige skuld was te wyte aan die feit dat hulle eens My Liefde afgewys het en self liefdeloos geword het.

En Ek het verlang na die liefde van hierdie wesens, wat die kruisdood van JaHshua na My teruggebring het indien die wesens self daartoe bereid was. En hierdie bereidheid stel juis die liefde voorop.

Sodra Ek die mense se liefde besit, keer hulle ook vrywillig na My terug en kon dit gebeur, omdat die verlossingswerk vir die mensdom volbring was. En wanneer julle JaHshua se woorde aan die kruis so beskou, **dan moet die liefde julle na Hom toe dryf**, waarna Hy verlang het. **En dan betuig julle dus aan My die liefde** waarna Ek vurig verlang het sedert julle afval van My.

Want die liefde het julle laat ontstaan. Die liefde plaas julle voor die wilsproef, omdat julle nog meer sou moes word as wat Ek vir My kon skep, **omdat julle My "kinders" sou moes word.**

My Liefde het julle in die diepte gevolg om julle weer omhoog te help. En My Liefde volbring vir julle die werk van verlossing.

En julle sou My daarvoor **slegs julle liefde** moes skenk. Julle sou van My moet hou met alle innigheid wat net 'n kind vir sy Vader kan voel. Toe Ek vir julle My lewe aan die kruis gegee het, was julle skuld teniet gedaan, **en het julle terugkeer na My moontlik geword.** My liefdesoffer kon in julle die liefde ontsteek. Julle sou alles kon insien as sodanig, want julle was nie meer gekluister in die duisternis nie, **omdat Ek "lig" gebring het.**

My Goddelike leer van die liefde, wat julle die weg na My aangewys het en **waarvan die opvolg daarvan ook die ommekeer van julle wese tot liefde beteken**, wat vir julle nou weer die besliste aaneensluiting met My kon oplewer en dus ook die vervulling van My vurige verlange na julle liefde. Amein.